UITNODIGING OM AAN ’N AKADEMIESE KONFERENSIE DEEL TE NEEM

Ter viering van die 200-jarige bestaan van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika, sowel as ’n vooruitskouing vir die bekendstelling van *Die Bybel: ’n Direkte Vertaling* in November 2020, organiseer die Teologiese Skool Potchefstroom in samewerking met die Fakulteit Teologie van die NWU ’n akademiese konferensie. Hiermee wil ons jou graag uitnooi om tydens hierdie geleentheid ’n kongresvoordrag te lewer.

Tema: Die impak van die Bybel in ons samelewing: verlede, hede en toekoms
Datum: 23 Julie 2020
Lokaal: Geboue van die Fakulteit Teologie en die Teologiese Skool Potchefstroom

In aansluiting by die oorhoofse tema kom die volgende sub-temas aan die orde:

1. **Bybelvertaling in Suid-Afrika en/of Afrika**
   Om tekste wat tussen 2000 en 3000 jaar gelede geskryf is, goed te vertaal, verg spesialis kundigheid. Verskeie vraagstukke kom aan die orde, bv. watter brontekste om te gebruik; vertaal-ekwivalente tussen bron en teikentale; vertaaltipes; tyd- en kultuurgerigte aspekte van die antieke brontekste teenoor die hedendaagse kulture van die teikenlesers of hoorders; vertaalmetodiek; en die daarstelling van vertalings in ’n verskeidenheid van media. Die teorie, metodologie en praktyk van Bybelvertaling verdien daarom voortgaande besinning.
2. **Bybelinterpretasie in die Suid-Afrikaanse konteks**
   Daar was oor die afgelope paar dekades heelwat verskuiwings in die area van bybelse heremenuetiek. In die negentiende en vroeë twintigste eeu was meer teks-georiënteerde interpretasie-beginsels aan die orde van die dag (bv. die grammaties-historiese metode). In die ’n post-moderne en post-koloniale era het hermeneutiese beginsels meer leser-georiënteerd geraak (bv. bevrydings-teologie, feministiese kritiek, post-koloniale kritiek). Hoewel die effek van hierdie verskuiwings eers later in Suid Afrika neerslag gevind het, vra dit vir voortgesette besinning en verantwoording ten opsigte daarvan.
3. **Die impak van die Bybel in die samelewingstrukture (bv. kuns, wetenskap, letterkunde, politiek, onderrig, ens.) en geloofsgemeenskappe**
   Die Bybel affekteer elke faset van alle menslike aktiwiteite – dit verskaf temas vir wetenskaplikes, digters, skrywers, filmmakers, kunstenaars en musikante, en dit is ’n magtige faktor in die morele ontwikkeling van die mens. Dit word meer aangehaal as enige ander literatuur en het meer invloed op ons tale, kultuur en wette as enige ander boek. Toeligting hieroor op Suid-Afrikaanse bodem verdien voortgesette navorsing.

Daar word beplan om hierdie konferensiebydraes in ’n spesiale uitgawe van “In die Skriflig / In Luce Verbi” te publiseer.

Persone wat beplan om voordragte te lewer word versoek om die titel van die voordrag en ’n opsomming van ongeveer 250 woorde teen 31 Maart 2020 te stuur aan albert.coetsee@nwu.ac.za en viljoen.francois@nwu.ac.za

Die beplande skedule:

31 Maart 2020	Indiening van titel en opsomming van voordrag
15 April 2020	Bevestiging van aanvaarde voordragte
23 Julie 2020	Konferensie
30 November 2020	Indiening van artikels vir keuring
2021	Publikasie van artikels

Die vertroue is dat hierdie konferensie en voortspruitende publikasie sal lei tot die versterking van bande met plaaslike en internasionale instellings wat ook in die Reformatoriese Tradisie staan.

Gekoppel aan hierdie konferensie vind die volgende aktiwiteite plaas:

1. Konferensie-dinee – 23 Julie
2. Toeligtingsessie deur die eindredaksie van *die Bybel: Direkte Vertaling* – 24 Julie
3. Fietsrit en toeligting: Vanaf die Totiushuis na Krugerskaal – 25 Julie

Vir verdere navrae kontak albert.coetsee@nwu.ac.za of viljoen.francois@nwu.ac.za